**Les 4 Ons is die Here se beeld: Hy gee ons regtig gawes om Hom te dien.**

**1.'n Baie spesiale opdrag.**

Kom ons kyk weer na die Bybelvers wat wys ons is God se beeld.

Genesis 1: "[27]God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. [28]Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip."

Kyk na die opdrag wat die Here vir ons gee: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit." Die Here gee die opdrag dat ons die aarde moet bewoon en bewerk.

Dit is 'n baie spesiale opdrag wat net ons as mense gekry het. Die voëls en die diere het nie só opdrag van die Here gekry nie: Bewoon die aarde! Bewerk die aarde! Dit is net vir die mense wat die Here hierdie spesiale opdrag gegee het.

2.**Mense gebruik nie die aarde nie, mense bewerk die aarde**.

Wanneer julle in die wildtuin kom en julle kyk na Rooibokke, het julle al gesien wat gebeur? Hulle staan en eet die gras, hulle kou aan die bome se blare, hulle loop na die rivier of watergat en gaan drink water.

Wanneer hulle klaar gras geëet het en blare geëet het en water gedrink het, het enige iets van die aarde verander?

Nee! Die gras en bome en riviere bly altyd dieselfde. Hulle gebruik net die gras en die blare as kos en die water as drinkgoed.

En mense?

Eet mense? Loop hulle in die veld rond, eet gras, kou aan blare en loop rivier toe om water te drink?

Nee! Hulle doen iets baie anders. Boere vat hulle trekkers en ploeg lande. Wanneer hulle die veld geploeg het, is daar nie meer gras en bome nie. Dan is die veld nie meer sommer net 'n veld nie. Dit het iets heeltemal anders geword.

Hulle verander die veld met trekkers in lande. En lande is nie sommer net die veld nie.

Dan vat hulle saad wat hulle self geplant en geoes het, hulle plant die saad of plantjies wat hulleself in sakkies groot gemaak het, en dan maak hulle mielie-lande, koringlande en sonneblomlande.

Of hulle vat hierdie boompies en plant dit in rye en blokke en dan is dit neutboorde, avokadoboorde, koejawelboorde en mangoboorde.

Boere gaan drink ook nie maar net water in die rivier nie. Hulle bou ’n wal in die rivier, sit pompe in die dam, vat die water met pype tot by die lande en maak alles nat wat hulle geplant het.

Wanneer hulle water gebruik, dan maak hulle damme, pompe, pype en sproeiers en lei die water waar hulle dit wil hê. Voor hulle water gebruik het, was daar maar net ’n rivier. Maar wanneer hulle water gebruik, dan maak hulle iets wat nog nooit voorheen daar in die veld was nie.

Dit is die verskil tussen om net die aarde te gebruik en om die aarde te bewerk: mense maak die aarde iets anders as wat dit sommer net van nature is. Hulle maak van die veld lande en boorde.

Diere eet en drink en niks verander nie. Die veld bly die veld en die rivier bly die rivier.

Wanneer mense iets met die aarde doen, dan verander dit in iets anders as net veld en riviere: hulle maak damme en pype, kanale en keerwalle.

Dit noem die Bybel: aarde bewerk!

Diere en voëls kan nooit die aarde bewerk nie. Hulle gebruik die aarde en mense moet die aarde bewerk.

3. **Alles wat mense doen moet hierdie opdrag uitvoer: “bewerk die aarde”.**

Alles wat die mens doen, moet so wees: om die aarde te bewerk. Dit is die opdrag van die Here aan alle mense.

Kom ons kyk hoe moet mense op baie maniere die aarde bewerk!

Kyk na al die yster wat julle om julle sien! Ysterrame vir vensters, ysterrame vir deure, ysterpale vir heinings, yster om motorkarre van te maak!

Waar kom dit vandaan? Dink julle mense loop in die veld rond en tel yster op om te gebruik?

Nee! Daar is baie yster-erts in die aarde. Dit is amper soos klip met baie yster binne in die klip. Maar mense moet hierdie yster-erts uit die aarde uithaal. Dan moet hulle dit na groot smelterye aanry met treine en trokke. By die smeltery maak hulle ’n verskriklike groot en warm vuur en gooi die erts binne in die vuur. Dan word die yster so warm dat dit soos water begin vloei en dan kan mense dit verander om yster te wees waarvan hulle dan alles maak.

Wat noem die Bybel hierdie manier waarop die mens van ystererts yster maak? Die Woord van die Here noem dit: bewerk dit aarde!

Kom ons kyk na nog ’n manier om die aarde te bewerk!

’n Mens vat verf wat uit die aarde gemaak is en met kwaste maak hy ’n skildery

van alles wat hy binne die aarde sien. Wat het hy nou gedoen? Hy het van die aarde ’n skildery gemaak. Net mense kan van die aarde skilderye maak. Dit is deel van die Here se opdrag. Mense moet ook met skilderye die aarde bewerk en uitbeeld.

4.**Gemaak om die aarde te bewerk**!

Kyk weer hoe het God ons gemaak! “[27]God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep,..”

God het ons sy beeld gemaak beteken die Here het ons só gemaak dat ons die aarde kan bewerk!

Hier het ek ’n skroewe-draaier en ’n tang! Hoekom maak mense skroewe-draaiers en tange?

Omdat hulle iets wil hê om skroewe mee in te draai en om goed mee te kan vasvat. Omdat hulle wil skroewe draai en goed wil vasvat, maak hulle gereedskap wat presies kan doen wat hulle wil doen.

Dieselfde gebeur in ’n huis met ’n yskas en ketel. Ons wil of goed koud hou of warm maak. Dan maak ons gereedskap wat goed kan koud hou of warm maak.

Ons kry ’n beeld van iets wat ons kan gebruik om skroewe mee vas te draai, ’n beeld van iets wat goed kan vashou en dan maak ons hierdie beeld en dan is dit ’n skroewedraaier en ’n tang.

Ons kry ’n beeld van iets om goed warm te maak of koud te hou en dan maak ons ketels en yskaste.

Net so het die Here ’n beeld gekry van hoe Hy die aarde wil laat bewerk en toe maak hy mense, mense wat die aarde kan bewerk.

Ons is God se beeld omdat Hy ons uitgedink het om die aarde te kan bewerk op die manier waarop Hy die aarde wil bewerk. Hy het ons gemaak om sodat Hy deur ons die aarde kan bewerk.

5.**Gawes om die aarde mee te kan bewerk**!

Elkeen van ons is so gemaak dat ons die aarde kan bewerk maar elkeen op sy eie manier. ’n Tang is nie ’n skroewedraaie nie en ’n yskas is nie ’n ketel nie. Maar alles is die mens se gereedskap.

Net so maak God ons sodat Hy deur ons die aarde kan bewerk, elkeen met sy eie gawe. Dit is hierdie gawes wat ons die Here se gereedskap maak.

Kyk hoe sê die Here dit vir ’n heidense koning wat glad nie die Here ken of hom dien nie: “[5]Ek is die Here, daar is geen ander nie, buiten My is daar geen God nie. Ek rus jou toe vir jou taak al ken jy My nie.” (Jesaja 45)

God rus ons toe met gawes. Hierdie gawes is vermoëns waarmee ons iets kan doen vir die Here. Die Here maak hierdie man die koning soos God Hom wil hê sodat die Here hom kan gebruik waarvoor die Here hom nodig het. Die Here gee hom die gawes om die regte besluit te kan maak en om mense te kan organiseer.

Die Here het hierdie man die gawe gegee om 'n goeie koning te kan wees.

Die Here gee party mense die gawe om vry in die veld te wil werk en dan gebruik Hy hulle as boere. Ander gee Hy die gawe om te kan teken en dan gebruik Hy hulle as skilders.

So kry elkeen 'n eie gawe of talent om die aarde mee te kan bewerk: en daarom is jy God se beeld: Hy het jou met 'n gawe gemaak om die aarde te bewerk sodat Hy jy kan gebruik vir wat Hy wil doen.

6.**Wanneer God ons gebruik met ons gawes is ons sy dienaars**.

Ons noem die goed wat ons 'n beeld van kry en dan maak om iets mee te doen gereedskap: skroewedraaiers, hamers, bore en tange is ons gereedskap wat ons gebruik om mee te werk.

Ons noem dit ook toebehore: yskaste, stowe, mikrogolfoonde en ketels is toebehore wat ons gebruik vir die werk wat ons wil doen.

Wat noem die Here ons wanner Hy ons gebruik om die aarde te bewerk?

Kyk wat sê die Bybel wat is ons omdat ons die beeld is van die Here: die mense met gawes wat Hy gebruik vir die werk waarmee Hy besig is:

"21Dink hieraan, Jakob, dink hieraan, Israel, want jy is my dienaar; Ek het jou gemaak, jy is my dienaar."

Ons is nie die Here se gereedskap nie. Ons is die Here se dienaars. Die groot verskil tussen gereedskap en dienaars is liefde: ons dien die Here met ons gawes sodat die Here deur ons die aarde kan bewerk – en dit doen ons uit liefde vir die Here.

Daarom is ons die Here se dienaars. Ons is sy beeld: Hy maak ons met die gawes sodat Hy ons kan gebruik vir hoe Hy die aarde deur ons wil bewerk.